



**SOLIDARITEIT**  
NAVORSINGSINSTITUUT

## Aptekers se behoefte aan, en opinie van 'n beroepsvereniging

Nicolien Welthagen  
Augustus 2022



# Inhoud

Inleiding .....	1
Biografiese en demografiese inligting.....	2
Vraelys aan aptekers .....	2
Biografiese en demografiese inligting.....	2
a. Ouderdom en geslag .....	2
b. Postitel .....	2
c. Provinsie .....	3
d. Hoogste kwalifikasie .....	4
e. Besigheidsektor .....	4
f. Stedelik / platteland.....	5
Primêre uitdagings.....	5
Wat die beoefening van die beroep sal vergemaklik .....	8
Opleiding of vaardigheidsontwikkeling .....	9
Verenigings.....	10
Behoeftes aan Solidariteit Aptekersvereniging.....	11
a. Nut van 'n Solidariteit beroepsvereniging .....	11
Verdere voorstelle .....	12
Onderwerpe waarvoor hulle op hoogte wil bly.....	12
Mentorskap .....	13
a. Wat hulle kan bied .....	13
Behoeftes in die mark vir 'n beroepsvereniging .....	14
Kommunikasie.....	14
Algemene kommentaar.....	15
Samevatting.....	15

## Lys van figure

Figuur 1. Ouderdom en geslag.....	2
Figuur 2. Provinsie .....	3
Figuur 3. Kwalifikasie .....	4
Figuur 4. Besigheidsektor .....	4
Figuur 5. Stedelik / platteland.....	5
Figuur 6. Verenigings .....	10
Figuur 7. Behoeftes aan Solidariteit Aptekersberoepsvereniging .....	11
Figuur 8. Nut van 'n Solidariteit beroepsvereniging .....	11
Figuur 9. Belangstel om as mentor op te tree .....	13

Figuur 10. Behoefte in die mark .....	14
Figuur 11. Manier waarop hulle inligting sou wou ontvang .....	14
Tabel 1. Postitel.....	2

# Inleiding

Hierdie opname is onder aptekers en werknemers in die bedryf gedoen om 'n pasgemaakte beroepsvereniging vir aptekers te kan stig.

## Doelwitte

Die doelwitte van die navorsing is om die volgende vas te stel:

1. Wat die grootste uitdagings in die beroepsveld is.
2. Wat gedoen kan word om die beoefening van die beroep te vergemaklik.
3. Opleidingsbehoefes te bepaal.
4. Opinie en nut van 'n beroepsvereniging te ondersoek.

## Metode


Daar is 'n elektroniese vraelys op Survey Monkey saamgestel (<https://www.surveymonkey.com/r/SoliAptekers>). Dit is 'n ondersoekende opnamenavorsing en daar word van gemengde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodiek gebruik gemaak. Die vraelys is gedurende Julie en Augustus 2022 aan 744 respondente in aptekersberoep uitgevoer. 144 respondente het die vraelys teen die afsnydatum ingevul en 'n terugvoersyfer van 19% is bereik.

Die data is kwantitatief in Excel en SPSS ontleed en daar is hoofsaaklik van beskrywende statistiese metodes gebruik gemaak. Inhoudsanalise is gebruik om die kwalitatiewe data te ontleed.

## Biografiese en demografiese inligting

### a. Ouderdom en geslag

Figuur 1. Ouderdom en geslag



Die respondente is hoofsaaklik vroulik (72%) en jonger as 48 jaar oud (68%). Slegs 19% is ouer as 55 jaar en 12,6% is 49 tot 54 jaar oud.

### b. Postitel

Die algemeenste postitels wat aangedui is, word in Tabel.1 aangedui.

Tabel 1. Postitel

Apteker	31%
Aptek bestuurder	18%
Aptekersassistent	15%
Locum aptekers	7%
Resep teerafdelingsbestuurder "Dispensary Manager"	4%


Die meeste van die respondente het hul postitels as "Aptekers" aangedui (31%). Hier volg 'n lys van ander postitels, soos wat die respondente dit beskryf het:

Assessor	Digital pharmacy clinical support specialist	Inspekteur
Clinical trail pharmacist	Divisional manager	Laboratory Team Leader
Hospital ams pharmacist	Eienaar/ verantwoordelike apteker	Lead production pharmacist
Private retail pharmacist	En Pharmacy Advisor	Managing Director
Compant Code Compliance Officer	Global Trial Leader	Onkologie Aptek bestuurder
Deputy Manager Pharmaceutical Services	Hospitaal Apteker	Operations Specialist
Deputy Responsible Pharmacist & Quality Assurance Pharmacist	HR/Salaris Konsultant	Private Hospital Pharmacy Manager
		Procurement pharmacist

Production pharmacist	Streeksbestuurder	Voorraad bestuurder - Onkologie & Spesiale medikasie
Professional Development and Support, Pharmaceutical Society of South Africa	Studiekoördineerder kliniese proewe	Warehouse pharmacist
QA Pharmacist	Team Leader	Regulatory Site Manager
QPB	Technical & Regulatory affairs pharmacist	Ward pharmacist
Quality Assurance Manager	Uitvoerende Hoof	Gemeenskapsapteker
REGULATORIESE APTEKER	Verantwoordelike apteker en aandeelhouer.	Apteker Level 2 in staatshospitaal
RP - Verantwoordelike apteker	Verantwoordelike Apteker en Formuleringsapteker	Administrator
Sales person	Verantwoordelike Apteker/ apteekbestuurder	Verpleegkundige apteek
SHE Specialist: Pharmacist		Vennoot in Privaat Apteek
Stock replenisher / aptekers assistent		Regulatory Pharmacist
Bestuurder Farmaseutiese Dienste Dep van Gesondheid		

### c. Provinsie


Figuur 2. Provinsie



Net meer as 'n helfte van die respondente (54%), is in Gauteng werksaam terwyl minder as 'n persent in Limpopo werk.

## d. Hoogste kwalifikasie


Figuur 3. Kwalifikasie



Die meeste respondente (52%) het 'n BA graad, terwyl 12% honneursgrade, en 13% meestersgrade het.

## e. Besigheidsektor


Figuur 4. Besigheidsektor



Byna 'n driekwart (72,5%) van die respondente is in die privaat sektor werksaam terwyl 23% in die openbare sektor werk en 4,6% hul eie besighede het.

## f. Stedelik / platteland

Figuur 5. Stedelik / platteland



Die meeste respondente (70%) is in die stad werksaam.

## Primêre uitdagings

Die respondente is gevra om te beskryf wat hulle grootste uitdagings binne die aptekerswese bedryf is. Die volgende temas is geïdentifiseer en word in volgorde van belangrikheid bespreek. (Die verbatim response van die respondente is nie taalversorg nie – dit is hul eie woorde).

### Erkenning en respek van publiek, pasiënte en dokters (28%)

Die respondente voel dat pasiënte of die publiek hulle nie respekteer of hul kennis en kwalifikasies erken nie. Aptekers word gesien as mense wat pille uitdeel en aan pasiënte en dokters se voorskrifte en vereistes moet voldoen. Hulle voel ook dat hulle nie as volwaardige gesondheidsorg werkers geag word nie, omdat dokters al die mag het om diagnoses te maak en medisyne voor te skryf al het aptekers meer kennis van die werking van medisyne. Verder voel baie aptekers ook dat hulle nie hulle kennis genoegsaam kan toepas wanneer hulle net voorskrifte moet uitdeel die hele dag nie.

- *Total disrespect from corporate employers and the general public.*
- *Publiek onderskat ons vermoë en intelligensie. Ons word gesien net as die mense wat pille uitgee. Dokters het alles geword en dit onderdruk ons farmaseutiese omgee.*
- *Die publiek is ook verskriklik ongeskik teenoor apteekpersoneel.*
- *Pasiënte se houding.*
- *Min respek vir die beroep vanaf verbruikers van ons dienste.*
- *Word nie gesien as volwaardige HCP deur Drs ens nie*
- *Aptekers word nie meer so hoog aangeskryf as Voorheen nie. Ons professionaliteit word bedreig en werks moontlikhede word minder soos wat tegnisi en assistente werk oorneem teen goedkoper tariewe. Groot maatskappye neem apteke oor.*
- *Pharmacists are not perceived as medical professionals so may not challenge poor prescribing practices.*
- *Pasiënte wat wetsaspekte probeer ontdoek.*
- *Word blootgestel aan baie rasisme deur die werksgegewers en publiek in die retail opset. Ondervinding tel nie. Kontrakwerkers het geen regte nie en kry geen verhogings nie. Sien n bleek toekoms vir blank aptekers in die land.*
- *Rasisme vanaf die publiek en kollegas.*

### Lang werksure en oortyd sonder oortyd betaling (21%)

- Baie lang werksure
- Slegte ure
- Asook die lang en laat besigheidsure
- Ure is belaglik en jy kry nie eers etenstyd nie want daar is bloot doodeenvoudig niemand anders wat in die dispensary kan toesig hou nie.
- Lang skofte en geen etens tye toegestaan in 10 uur werkskofte.
- Om gevorseer te word in langer ure te werk om deur die werk te kom, sonder om die ure te kan bank of oortyd te eis.

### Hoë werkslading (20%)

- Werksdruk agv van teikens wat gehaal moet word
- Werkslading is soms oorweldigend.
- Werkslading, infrastruktuur en hoë verwagting van Assistent. Werkslading is 'n verstaanbare probleem binne die Openbare Sektor, aanvraag na diens is baie hoog met die meeste mense afhanklik van staatsorg.
- Meeting company deadlines whilst still complying to regulatory requirements.
- Werksdruk onder te min personeel
- Fast paced dispensing, medical aid queries regarding chronic medicine changes from authorized prescribers

### Kompetisie met groot apteekgroepe en mediese fonds voorskrifte (23%)

Baie respondente voel dat groot aptekersgroepe die kleiner apteke en selfs die beroep skade berokken omdat 'n apteek deur mense bestuur kan word wat nie self aptekers is nie. Die beroep word ook nie deur wetgewing beskerm nie en aptekers in diens van groot instansies word sleg behandel omdat die fokus op wins en teikens geplaas word.

- Mediese Fondse wat reguleer en bepaal of pasiente by jou mag koop of nie. Kompetisie met groot Apteekgroepe wat bevoordeel word.
- Verlies aan privaat sektor aan koperatiewe apteke
- Die regulering van die bedryf en oopstel van eienaarskap het 'n baie negatiewe effek op die bedryf. Dit maak dit onmoontlik om te kompeteer met groter ondernemings. Anders as met ander mediese beroepe word aptekers baie meer beberk met winsgrense en hoe hulle apteke bedryf. As daar gekyk word na beskerming in ander mediese beroepe, word aptekers geensins beskerm met die huidige wette nie.
- Die feit dat kettingwinkels (en dus personeel wat nie onderworde is as lid van 'n regulerende verening nie) apteke mag besit.
- Aptekers word beheer deur nie-Aptekers. Aptekers het 'n rubberstempel geword om korporatiewe instansies te vrywaar van aanspreeklikheid.
- Meeste groot apteke / groepe word deur nie aptekers besit en bestuur wat die etiek van die beroep bedreig.
- Korporatiewe belang in aptekerswese.
- DIE HOND EET HOND VERAL BETREFFEND GROOT ONPROFFESIONELE APTEEKGROEPE WAT EGTE APTEEKBEDRYWE OORSKUIF NA PRIVAAT APTEKE
- Lisensiëring van Apteke deur NDoH. Oorheersing van groot korporatiewe apteke

### Swak salarisse (17%)

- Genoegsame vergoeding (respeteer fooi kan nie werk nie, vergoeding vir aanvullende siftingstoetse of dienste word nie erken of geimplimenteer nie, locum fooie word nie aangepas/verhoog nie).
- Salaris kompensasie is ongelooflik swak
- Besoldiging nie na wense
- Lae salarisse in vergelyk met die res van die mediese wêreld
- Swak betalingstruktuur vir staff. Huidige rates is wat dit was 10+ jaar gelede
- Salaris is baie minder as ander professionele beroepe met langer werksure.
- Increasing scope of work without compensation

### Personeeltekorte (15%)

- Die ratio van apteker tot aptekers personeel.
- Te veel administrasie en te min personeel.

- *Werksdruk onder te min personeel*
- *Nie genoeg aptekers word permanent aangestel sodat hulle mekaar kan aflos nie. Ure is belaglik en jy kry nie eers etenstyd nie want daar is bloot doodeenvoudig niemand anders wat in die dispensary kan toesig hou nie. En probeer werk met Locums... Hulle het net nie dieselfde werksetiek nie. As jy nou nog die Manager ook moet wees is jy behoorlik in die moeilikheid want dan móét die admin deur jou gedoen word en boonop moet jy toesig hou oor die assistente en al die probleme hanteer.*

### **Voorraad tekorte (12%)**

- *Voorraad tekorte in staatsinstansies/produkte wat van tender af gaan.*
- *Gebrek aan medisyne voorsiening en infrastruktuur in rural areas*
- *Produkte wat uit voorraad is.*
- *Voorraad tekorte in die publieke sektor.*
- *Uitvoorraad omstandighede van medikasie wat pasiente woedend maak en ons verskree.*

### **Mediese fonds voorskrifte en regulasies (11%)**

- *Komunikasie met mediese fondse in verband met kroniese magtige en die tydperk wat dit neem vir magiging.*
- *Mediesefonds regulasies*
- *Mediese fondse se reëls raak onmoontlik*
- *Mediese fonds beperkinge van medikasie asook voorkeur diensverskaffers wat mediese fondse aan pasiente voorstel*
- *Mediese fondse dwing hulle lede om sekere apteekgroepe te gebruik en nie die apteke van hulle keuse nie*
- *Mediese fondse dwing hulle lede om sekere apteekgroepe te gebruik en nie die apteke van hulle keuse nie*
- *Mediese fondse met hulle beperkende reëls oor waar pasiënte medikasie ontvang en wat hulle daarvoor sal betaal.*

### **Werkseleenthede (11%)**

- *Ons profesionaliteit word bedreig en werks moontlikhede word minder soos wat tegnisi en assistente werk oorneem teen goedkoper tariewe. Groot maatskappye neem apteke oor.*
- *We cant find a permanent post after 10 years of experience.*
- *Die Staat het 'n groot TB tender by ons fabriek weggevat wat gelei het tot baie werksverlies.*
- *Assistente neem werk oor.*
- *No further job opportunities, you need to stay put where you are.*
- *Aptekers word tot baie velde beperk agv BEE.*
- *Wit manlike aptekers kry nie dieselfde geleenthede as vroulike aptekers veral in die staat.*
- *BB/EEE exclusion.*

### **Probleme met die aptekersraad (7%)**

- *Aptekersraad wat ons hanteer soos kinders.*
- *Geen unie verteenwoordiging*
- *Aptekersraad dien nie die doel van op- en uitbou van die beroep nie.*
- *Geen ondersteuning vanaf SAPC*
- *Hulle beteken vir ons niks. Hulle beskerm die publiek. Hulle bied nie eers professionele vrywaring (professional indemnity) vir ons ten spyte vd hoë professionele fooie wat ons jaarliks moet betaal om op die "Register" te bly nie*

### **Opleiding (7%)**

- *'n baie groot leemte in die opvoeding van aptekers assistente*
- *Die veld van vervaardiging is baie moeilik om in te kom en die opleiding wat ons kry fokus nie genoeg op hierdie veld nie.*

# Wat die beoefening van die beroep sal vergemaklik.

Behalwe vir die temas hieronder gelys, is daar nie duidelike ooreenstemming van wat presies nodig is om die beoefening van die beroep te vergemaklik nie. Daai is 'n groot verskeidenheid en uiteenlopende voorstelle gemaak. Baie respondente het egter aangedui dat die oplossing of aanspreek van die uitdagings wat in die vorige afdeling gelys is, beter werksomstandighede vir hulle sal kan verseker. Die volgende temas het ook uitgestaan:

## Meer en beter opgeleide personeel (11%)

- *Capable qualified staff*
- *Bekwame en energieke personeel.*
- *Meer personeel en groter pasient fokus met minder administrasie*
- *People passionate about the profession.*

## Beter salarisse (9%)

- *Dat solidariteit optree teenoor dienonregversige lae salris vergoeding vir gekwalifiseerde aptekers. Kompensasie is in bitter gevalle bo R245/uur voor belasting*
- *Duidelike riglyne oor salarisskale. Oortyd en werksure*
- *Salaris aanpassings*
- *Salary that is in line with other medical practitioners*

## Beskerming en regulering van die beroep (8%)

- *Wetgewing wat beroep beskerm, ook strenger wetgewing oor wie medikasie kan voorskryf en hulle opleiding. Verpleegpersoneel is nie bevoeg genoeg in staatsektor om te kan voorskryf.*
- *Understanding of business units of the regulatory requirements and impacts thereof on production.*
- *Minder regulatory red-tape*
- *Minder inmenging deur regering bv. Regulatoriese eise en reëls*
- *Aptekers wat saam staan, die wette nakom*
- *Salary that is in line with other medical practitioners*

## Respek (6%)

- *Regverdige behandeling v locums wat baie gebruik word in die publieke sektor of retail apteke en wette wat hulle ook beskerm. Ons as locums aptekers speel n baie belangrike rol in die retail apteke maar word baie sleg handel.*
- *Dit is moeilike keuse maar dit sal help as aptekers meer waarde het as net iemand wat medikasie uitgee soos deur dokter voorgeskryf. In veral die openbare sektor word doktors as belangrik gesien en aptekers amper net as iemand wat daar moet wees maar niks is nie. Is baie gevalle word apteker poste nie gevul nie, maar daar word meer dokter poste geskep. Ratio 1 to 20 of self meer.*
- *Medici wat net die apteker oor sy of haar kennis in ag sal neem.*
- *Om die publiek die werklike rol van 'n apteker te laat verstaan.*

## Beter samewerking met dokters (6%)

- *As dokters of hulle praktyk meer verantwoordelikheid kan neem vir kroniese aansoek en opvolg daarvan.*
- *Dokters wat reg voorskryf die eerste keer.*
- *Samewerking tussen gesondheidsberoeppe.*
- *Beter samewerkings vanaf Dokter met betrekking tot volledige voorskrifte en beskikbaarheid vir navrae.*
- *Meer samewerking tussen dokters en aptekers met medikasie beskikbaar.*

# Opleiding of vaardigheidsontwikkeling

Die respondente moes aandui watter opleiding of vaardigheidsontwikkeling sou, na hulle mening, die waardevolste wees vir aptekers om in hul betrokke rol te kan presteer. Hulle het die volgende geantwoord:

## Interpersoonlike en kommunikasie vaardighede (20%)

- *Hantering van moeilike kliente*
- *Beter kennis oor rassisme in n werksplek. Beter kennis oor sielkinde en arbeidsregte*
- *Mense kennis*
- *For example soft skills such as communication*
- *Kommunikasie opleiding*
- *Interpersonal skills, Communication and Writing skills*
- *Emosionele intelligensie werkswinkels. In die kleinhandel word hulle baie blootgestel aan mense en hul dinge.*
- *Beter lewensvaardighede*

## Besigheidskennis en besigheidsbestuur (19%)

- *Besigheid Studies*
- *MBA*
- *Business management, change management*
- *Finansiële en algemene bestuur*
- *Ek sou meer v geldsake wou weet.*

## Bestuur van personeel (18%)

- *Bestuursvermoë ontwikkeling*
- *Die jonger generasie het bestuurs en meer spesifiek personeelbestuur vaardighede nodig.*
- *leierskap ontwikkeling*

## Beter praktiese opleiding (13%)

- *Meer in diepte opleiding met die internskap*
- *Enige pratiese deurlopende kursusse angaande nuwe ontwikkeling van medisyne op die mark.*
- *Praktiese opleiding - kinders wat hul verpligte ure by korporatiewe medisyneverkopers doen, kom nooit met die werklike praktyk in aanraking nie en weet uiteindelik niks nie.*
- *Blootstelling aan die verskillende sektore in d farmaseutiese industrie*
- *Praktiese ervaring in 'n apteek omgewing. "Hoe meer jy dit doen hoe beter raak jy".*

## Algemene VPO opleiding (10%)

- *Daar is plak vir CPD soos vereis deur SAPC maar die koste daaraan en die inligting is meestal nie die moeite werd nie. Dit sal beter wees as die opleiding meer spesifiek is om aptekers te help om met nuwe ontwikkel tred te hou, maar ook op n meer formele wyse sal wees. Daar is opleiding vir dokters en verpleeg personeel om hulle self verder te ontwikkel maar niks soosrtsgelyk vir aptekers nie.*
- *Verdere opleiding en kursusse*
- *Opknappings kursusse*
- *Kort kursusse. Soos die Clicks Ed App. Maar die tyd om dit te doen maak dit moeilik.*
- *Volgehoue farmakologiese opleiding en op hoogte hou met tegnologie*

## Rekenaarvaardighede (10%)

- *Beter IT opleiding*
- *Word/excel*
- *Basic email writing and communication*
- *Knowing the system and better system communication in regards to dr practice software*
- *Die ouer generasie aptekers het rekenaar en internetvaardighede nodig.*
- *Rekenaars integrasie en besigheidsbestuur.*
- *rekenaar opleiding, bv. Outlook.*

## Opleiding in nuwe produkte (8%)

- *Aanhoudende produk opleiding*
- *Enige praktiese deurlopende kursusse angaande nuwe ontwikkeling van medisyne op die mark.*
- *Produk hersiening/opleiding*
- *Gereelde produk opleiding en bekendstelling aan alternatiewe medikasie.*

## Algemene farmakologie (7%)


- *In die openbare sektor om op datum te bly met die protokole wat heelyd verander en beter opleiding in die algemene siektes waarmee ons daaglik te doen kry, medisyne gebruik, interaksies ens.*
- *Chemica en ondervinding met medikasie.*
- *Diepte kennis van alternatiewe of natuurlike medisyne. Naturopatiese middels*
- *Manufacturing, Pharmacovigilance.*
- *skills of pharmacology and biochemistry to know whats safe and what precautions one can take when having a dose of specific medicine.*

## Siektetoestande (6%)

- *Meer kliniese opleiding. Meer opleiding van spesifieke kondisies.*
- *Ook meer behandeling van siektetoestande en geskikte medikasies.*
- *Training in order to prescribe higher scheduled medicine*
- *Mediese behandeling*
- *In die openbare sektor om op datum te bly met die protokole wat heelyd verander en beter opleiding in die algemene siektes waarmee ons daaglik te doen kry, medisyne gebruik, interaksies ens.*
- *Meer opleiding van spesifieke kondisies.*

# Verenigings

Figuur 6. Verenigings




Die meeste respondente (70%) behoort aan 'n beroepsvereniging en hulle behoort hoofsaaklik aan die volgende verenigings:

SAPC	PSSA	SAAR (verpligtend)
Aptekers raad	SAAP	AVSA
Aptekers Vereeniging en Solidariteit	SAMED	SAAV
ICPA	SA APTEKERSVERENIGING, ICPA (INDEPENDANT COMMUNITY PHARMACY ASSOCIATION)	SACRA
		Solidariteit

# Behoeftte aan Solidariteit Aptekersvereniging

Figuur 7. Behoeftte aan Solidariteit Aptekersberoepsvereniging



Meer as 90% van die respondente sal daarin belangstel om aan 'n Solidariteit Aptekersberoepsvereniging te behoort.

## a. Nut van 'n Solidariteit beroepsvereniging

Die respondente moes 'n punt van 1 – 5 toeken aan hoe waardevol hulle dink 'n doelwit van 'n beroepsvereniging sou wees. Die volgende grafiek dui aan hoeveel respondente 'n "5" (baie belangrik of waardevol) aan 'n bepaalde doelwit toegeken het.

Figuur 8. Nut van 'n Solidariteit beroepsvereniging



Die meeste respondente (84%) dui aan dat drukgroepvorming op owerhede die grootste nut van 'n beroepsvereniging sal wees, gevolg deur 74% wat dink regsadvies en ondersteuning sal vir hulle waardevol wees. Netwerkgeleenthede en die deel van kennis sal vir 66% baie waardevol of van nut wees.

## Verdere voorstelle

Die meeste respondente (63%) het geen verdere voorstelle gemaak nie. 13% stel voor dat Solidariteit die rol van 'n unie en drukgroep veral teenoor die aptekersraad, moet inneem, maar ook om aptekers en ander werkers in die beroepsveld se regte in die werkplek te beskerm.

- *Daar moet n unie vir aptekers gestig word, wat ons kan verteenwoordig in die privaat of publieke sector, met jaarlikse salaris verhoging onderhandelings. Ons vaardighede word deur groot korporatiewe maatskappye misbruik.*

9% van die respondente dui ook aan dat hulle graag meer voortgesette opleiding sou wou ontvang.

- *Aptekers moet jaarliks CPD opdragte inhandig, indien jy versuim om letterlik net een nienin te handig nie verander jou status na nie praktiserend wat verdoemend is aangesien jy "geskrap" word om te praktiseer. Nalatigheid aan die raad se kant het my deur hierdie selfde belaglike proses geplaas hierdie jaar. Ek sukkel al bykans meer as n week dat daar net enigsens n antwoord vanaf die raad se kant moet kom met geen reaksie nie. Dit beteken dat ek tans as ek net een medikasie resepteer, 'onwettig' praktiseer. Ek sal graag solidariteit aan my kant wou hê in so n geval.*

Die beroepsvereniging kan ook met beroepsversekering help, asook met werksgeleenthede.

## Onderwerpe waaroor hulle op hoogte wil bly

### Nuwe produkte en behandelingsprotokolle (25%)

- *Nuwe medikasie en behandelingsmetodes.*
- *Nuwe middels en behandeling regimes*
- *Nuwe produkte sodra dit inkom met kort beskrywing.*

### Wette en regulasies (16%)

- *Enige wette wat ons beroep raak of kan raak.*
- *Legislasië wat duidelik en gereeld aan aptekers gedeel word.*
- *Nuwe SAHPRA riglyne*

### Regte in die werksplek (6%)


- *Regte van besigheids- en professionele mense!*
- *Asook nuwe wetgewings i.v.m arbeid*
- *Arbeidswet en verhoudinge*

### Nuwe tegnologie (4%)

- *Nuwe tegnologie beskikbaar om in die veld te gebruik.*
- *Nuwe tegnologie oorsee en tuis.*

# Mentorskap


Figuur 9. Belangstel om as mentor op te tree



46% van die response sal daarin belangstel om as mentor vir jong aptekers op te tree, terwyl 38% nie daarin sal belangstel nie en 16,5% onseker is daaroor.

Die meeste respondente wat aandui dat hulle nie as mentor kan optree nie, sê dat hulle nie tyd het nie, of dat hulle reeds bestuurders of mentors vir assistente is. Van hulle noem dat hulle nie in 'n posisie is om mentorskappe aan te bied nie omdat hulle self nog jonk en onervare is of vir die staatsdiens werk waar hulle nie mentorskappe aanbied nie.


## a. Wat hulle kan bied



Die meerderheid kan skaduwerk bied, gevolg deur vakansiewerk en internskappe. Van die respondente het ook gesê dat hulle bietjie akademiese ondersteuning of advies kan gee, veral na-ure.

# Behoeftte in die mark vir 'n beroepsvereniging


Figuur 10. Behoeftte in die mark



Net meer as 'n driekwart (76,6%) van die respondente voel dat daar wel 'n behoefte of 'n plek in die mark vir 'n netwerk van aptekers in Suid-Afrika is.

# Kommunikasie

Figuur 11. Manier waarop hulle inligting sou wou ontvang



E-pos is die gewildste vorm waarin die respondente inligting sou wou ontvang.

# Algemene kommentaar

Die meeste respondente het geen verdere kommentaar gelewer nie. Van hulle, het hulle dank teenoor Solidariteit uitgespreek:

- *BAIE DANKIE VIR BEGIN VAN GROOT BEHOEFTE*
- *Dankie dat jul probeer om vir die beroep n stem te gee.*
- *Dankie vd inisiatief*
- *Dankie vir die geleentheid*
- *Dankie vir julle goeie werk !*
- *Sien uit na meer Inligting*
- *Dankie, lankal nodig – Die vorming van n sektor onder Solidariteit, om aptekers in hulle werksplek te verteenwoordig, sal die beroep se proffesionele kapasiteit herstel.*

## Ander kommentaar:

- *Aptekers sterf vinnig uit. Bedreigde spesie.*
- *Vanuit my diens aan PSSA as werknemer, is ek bekommerd dat hierdie 'n duplikasie is van die werk wat PSSA reeds doen.*
- *They should allow pharmacy support personnel to have a more important role in the pharmacy reason being although they give a person who is persuing a bachelors degree in pharmacy internship and community service for one year of each they still unfamiliar as to how to adapt to a community pharmacy and they should realise also that pharmacists (responsible registered ones) cannot victimize.*
- *Help die aptekers asseblief, niemand veg vir ons nie, ons kon nog altyd net ons self vertrou om vir ons self op te tree tot geen sukses.*
- *Help aptekers besef hulle is nie bloot waghonde vir skedule meds nie, hulle is eintlik daar om mense se lewens beter te maak en aan hulle behoeftes te voorsien, al is dit net met inligting.*

# Samevatting

Daar is 'n groot verskeidenheid tipes poste wat aptekers veral in die privaatsektor kan beklee. Dit is veral vroue in alle ouderdomsgroepe wat in die aptekersbedryf werk en hulle is veral in die stad werksaam.

Die grootste uitdagings vir aptekers in hulle beroepe is 'n disrespekvolle houding vanaf die publiek of pasiënte en die feit dat mense in ander mediese beroepe hulle nie die nodige erkenning en respek gee nie. Baie voel dat hulle nie meer hulle kennis en vaardighede kan gebruik nie omdat dokters diagnoses maak en medisyne voorskryf en hulle oordeel en keuses nie bevraagteken kan word nie. Hulle voel dat hulle slegs voorskrifte pak en die publiek moet bedien. Verder het hulle, veral in die korporatiewe omgewing geweldige lang werksure en die aptekersassistente, maar ook die aptekers self, kla veral dat hulle misbruik word omdat hulle lang skofte moet werk, dikwels sonder etes of oortydbetaling. Die respondente dui aan dat hulle salarisse swak is in vergelyking met ander mediese beroepe s'n al het hulle 'n baie hoë werkslading. Dit kan veral aan personeeltekorte toegeskryf word en die besigheidsteikens wat in groot apteekgroepe nagejaag moet word. As gevolg van te min wetgewing in die bedryf, is dit moontlik vir mense wat nie self aptekers is nie, om apteke te besit en te bestuur. Dit word vir kleiner apteke ook onmoontlik om teen die groot groepe te kompeteer en baie aptekers is van mening dat die beroep skade berokken word. Mediese fonds voorskrifte en regulasies dra ook daartoe by dat pasiënte soms verplig voel om by 'n sekere apteekgroep aan te koop. Die oornome van groot apteekgroepe in die bedryf, lei ook daartoe dat daar minder werksgeleenthede vir Aptekers is.

Verder dui van die respondente ook aan dat hulle min beskerming en ondersteuning van die Aptekersraad kry.

Die beoefening van die beroep sal makliker gemaak word as daar meer personeel aangestel kan word wat beter opgelei is en as daar beter salarisse aangebied kan word. Die respondente stel ook voor dat die beroep beter gereguleer moet word. Dit sal baie help as hulle ook meer respek van ander gesondheidsorgwerkers en die publiek

kan kry. 'n Beter samewerkingsooreenkoms met dokters, veral wat voorskrifte aanbetref, sal hulle werk ook makliker maak.

Die opleiding of vaardighede wat aptekers veral kort is interpersoonlike en kommunikasievaardighede. Hulle het meer mensekennis nodig en ook raad en kennis oor hoe om met ongeskikte en veeleisende pasiënte te werk. Dan het van die respondente ook genoem dat hulle graag meer algemene bestuursvaardighede benodig asook besigheidsbestuurskennis. Hulle het ook aangedui dat aptekers se praktiese opleiding beter moet wees en dat jong aptekers 'n wyers blootstelling aan verskillende areas binne die bedryf moet kry.

Hulle stel verder belang in algemene VPO opleiding soos opknappingskursusse en kort kursusse. Rekenaaropleiding, veral met betrekking tot Outlook en Excell, sal ook waardeer word. Sommige aptekers wil graag opleiding in nuwe produkte of medikasie en ook behandelingsprotokolle hê en ander stel in verdere farmakologie opleiding belang. Daar is ook 'n behoefte aan opleiding in die mees algemene siektetoestande waarmee hulle die meeste te doen kry.

Byna al die respondente het aangedui dat hulle daarin sou belangstel om aan 'n Solidariteit aptekersvereniging te behoort en 77% dink dat daar wel 'n plek in die mark vir so vereniging is. Hulle is van mening dat die grootste nut van so vereniging kan wees om as drukgroep teenoor owerhede op te tree en ook om regsadvies en ondersteuning te bied. Baie voel ook dat netwerkgeleenthede en die deel van kennis 'n groot bydrae sal wees. Meer as twee derdes voel dat 'n etiese en praktykkode vir die beroep van waarde sal wees asook opleidingsprogramme en seminare.

Daar is verskeie onderwerpe waarvoor hulle graag op hoogte sal wil bly, veral oor nuwe produkte en behandelingsprotokolle, wette en regulasies wat op hulle van toepassing is asook hul regte in die werksplek. Dan sal hulle ook meer inligting oor nuwe tegnologie wil ontvang. Hulle sal veral e-poskommunikasie verkies, maar 46% sal ook van nuusbriewe hou.

Net minder as die helfte van die respondente sal graag as mentors wil optree, maar baie dui aan dat hulle nie tyd daarvoor het nie, of dat hulle reeds bestuurders of mentors vir aptekersassistente is of self nog jonk of onervare is. Die wat kan help met mentorskappe, noem dat hulle hoofsaaklik skaduwerk of vakansiewerk kan aanbied.

---